

EKURHULENI NOORD DISTRIK

GRAAD 11

JUNIE EKSAMEN

2018

GEOGRAFIE

VRAESTEL 1

TYD: 3 URE

PUNTE: 225

NAAM EN VAN:

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Bylae van 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE vrae.
2. Beantwoord BEIDE vrae.
3. Alle diagramme word ingesluit in die BYLAE.
4. Los 'n reël oop na elke subafdeling van die vrae wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag aan die bokant van 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde volgens die numeringstelsels wat gebruik word in hierdie vraestel. Nommer die antwoorde in die MIDDEL van die bladsy.
7. MOENIE in die kantlyne van jou ANTWOORDBOEK/FOLIO PAPIER skryf nie.
8. Illustreer jou antwoorde met diagramme wat byskrifte het, waar nodig.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1.1-1.1.7) in jou antwoordboek neer, byvoorbeeld 1.1.8 C.
 - 1.1.1 Die tyd waarop beide halffrondtes gelyke insolasie ontvang.
 - A Dag-en-nag eweninge
 - B Sonstilstand
 - C Albedo
 - D Hitte-ewenaar
 - 1.1.2 'N Groot volume lug met eenvormige eienskappe.
 - A Geostrofiese wind
 - B Front
 - C Lugmassa
 - D Planetêre wind
 - 1.1.3 Die grens tussen lugmassas wat verskillende eienskappe het.
 - A Front
 - B Konvergensie sone
 - C Inversie
 - D Tropiese ooste winde

1.1.4 Lyne wat plekke met dieselfde lugdruk verbind.

- A Kontoere
- B Isoterms
- C Isohete
- D Isobare

1.1.5 Kenmerke van 'n hoogdrukseel in die suidelike halfrond.

- A Lug daal kloksgewys
- B Lug styg kloksgewys
- C Lug daal anti-kloksgewys
- D Lug styg anti-kloksgewys

1.1.6 Geostrofiese winde kom voor wanneer die Coriolis-krag ... aan die drukgradientkrag is en die lug aan die isobare in die boonste atmosfeer beweeg.

- A teenoorgestelde; parallel
- B teenoorgestelde; diagonaal
- C diagonal; parallel
- D parallel; diagonaal

1.1.7 'N Droë, stowwerige wind wat in Wes-Afrika voorkom.

- A Monsoon
- B Harmattan
- C Bergwind
- D Föhnwind

(7 x 1) (7)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 en pas die korrekte letter by die gegewe term. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer op u antwoordblad neer, byvoorbeeld 1.2.9 L.

1.2.1 Cuesta

1.2.2 Koniese heuwel

1.2.3 Tor

1.2.4 Batoliet

1.2.5 Lakkoliet

1.2.6 Eskarp

1.2.7 Duikhelling

1.2.8 Hogsback

(8 x 1) (8)

1.3 Bestudeer FIGUUR 1.3, die drieselrangskiking in die atmosferiese sirkulasie in die Suidelike Halfrond.

- 1.3.1 Benoem die atmosferiese selsirkulasie by **B**. (1 x 1) (1)
 - 1.3.2 Noem die drukgoldels wat op die aardoppervlakte by **A** en **C** onderskeidelik voorkom. (2 x 1) (2)
 - 1.3.3 Verskaf TWEE redes vir die ontwikkeling van die laagdruk by **A**. (2 x 2) (4)
 - 1.3.4 Verduidelik die ontstaan van die cumulonimbus wolke en reënval by **A**. (2 x 2) (4)
 - 1.3.5 Die Poolfront word by **C** aangetref. Verduidelik die voorkoms van swaar reënval langs die Poolfront. (2 x 2) (4)
- [15]**

1.4 FIGUUR 1.4 toon moeson winde in Asië.

- 1.4.1 Is die moesonwind 'n globale of streekswind? (1 x 1) (1)
 - 1.4.2 Hoe verskil die lugdruk oor die binneland van Asië gedurende die winter en somer? (2 x 1) (2)
 - 1.4.3 Verduidelik die verandering in windrigting van winter na somer oor Asië. (2 x 2) (4)
 - 1.4.4 Verduidelik waarom die somer moeson neerslag oor Indië bring? (2 x 2) (4)
 - 1.4.5 Die somer moeson is beide 'n seën en 'n vloek vir die mense in Indië. Verduidelik die stelling. (2 x 2) (4)
- [15]**

1.5 Verwys na FIGUUR 1.5, 'n voorstelling van El Niño en La Niña prosesse.

- 1.5.1 Wat is die Spaanse woord vir 'seuns kind'. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Waarvoor staan die afkorting ENSO? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Teken die tabel hieronder in jou ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit deur na FIGUUR 1.5 A en 1.5 B. te verwys.

	La Niña	El Niño
Intensiteit van Tropiese ooste winde		
Weerstoestande oor Australië		
Opwelling langs die kus van Peru		

(6 x 1) (6)

- 1.5.4 Bespreek die negatiewe impak van El Nino op die visserybedryf van Peru. (2 x 2) (4)
- 1.5.5 El Niño het 'n groot invloed op die weer en klimaat van Afrika. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, evalueer die impak van El Niño op Afrika se omgewing en ekonomie. (4 x 2) (8)
- [20]**
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat 'n cuesta koepel voorstel.
- 1.6.1 Gee TWEE bewyse uit FIGUUR 1.6 dat dit 'n cuesta koepel is. (2 x 1) (2)
- 1.6.2 Identifiseer die onderliggende gesteentelae wat die ontwikkeling van die Cuesta-koepel veroorsaak. (1 x 1) (1)
- 1.6.3 a) Benoem hang **X** en **Y** in FIGUUR 1.6. (2 x 1) (2)
- b) Noem die verskil tussen die gesteentelae **V** en **W**. (2 x 1) (2)
- 1.6.4 Verduidelik waarom die geleidelike hellings weg van die middelpunt van die Cuesta-koepel wys. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Verduidelik hoe die cuesta koepels deur die mens gebruik kan word. (2 x 2) (4)
- [15]**
- 1.7 Verwys na FIGUUR 1.7 wat 'n mesa voorstel.
- 1.7.1 Verskaf bewyse vanaf FIGUUR 1.7 dat dit 'n mesa is wat aangetoon word. (1 x 1) (1)
- 1.7.2 Teken 'n eenvoudige vryhand dwarsnit en benoem die vier hangelemente **K**, **L**, **M** en **N** van die mesa. (4 x 1) (4)
- 1.7.3 Noem EEN kenmerk van elk van die hangelemente **K**, **L**, **M** en **N**. (4 x 1) (4)
- 1.7.4 Verduidelik die vorm wat deur hangelement **M** in FIGUUR 1.7 aangetoon word. (2 x 2) (4)
- 1.7.5 Watter betekenis het hang element **N** vir menslike aktiwiteite. (1 x 2) (2)
- [15]**

- 1.8 Lees die uittreksel oor 'n modderstorting in Freetown in FIGUUR 1.8.
- 1.8.1 In watter Afrika-land is Freetown gelee? (1 x 1) (1)
 - 1.8.2 Wat is 'n *modderstorting*? (1 x 1) (1)
 - 1.8.3 Watter invloed het mense op die modderstorting in Freetown gehad. (1 x 2) (2)
 - 1.8.4 Beskryf hoe klimaatsverandering tot die ontstaan van die modderstorting in Freetown bygedra het. (2 x 2) (4)
 - 1.8.5 Verskaf TWEE volhoubare oplossings om 'n herhaling van modderstortings in die nabye toekoms in Freetown te voorkom. (2 x 2) (4)
 - 1.8.6 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die impak wat die modderstorting op die mense van Freetown gehad het. (4 x 2) (8)
- [20]**

VRAAG 2

- 2.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die geomorfologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-F) langs die vraagnommer (2.1.1-2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 G.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Die krag wat op die aarde se oppervlak deur die gewig van 'n kolom lug uitgeoefen word.	A	Coriolis krag
		B	Drukgradiënt
2.1.2	Die verskil in lugdruk tussen hoog- en laagdruk gebiede.	C	Divergensie
		D	Atmosferiese druk
2.1.3	Die krag wat winde in die Noordelike half rond na regs laat afwyk.	E	Drukgradiënt krag
2.1.4	Beweging van lug weg van 'n hoogdruk sentrum.	F	Konvergensie
2.1.5	Veroorsaak dat die lug van hoog- na laagdruk gebiede beweeg.		
			(5 x 1) (5)

2.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié tussen hakies om elk van die volgende stellings WAAR te maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer in u ANTWOORDEBOEK neer.

2.2.1 Die hange van heuwelagtige landskappe in warm en vogtige streke is (sag en rond / ru en steil).

2.2.2 (Canyons / Graniet koepels) ontwikkel waar horisontale strata teen verskillende tempo's verweer.

2.2.3 'N (lakkoliet / lopoliet) is 'n piering-vormige indringing.

2.2.4 'n Tors word in streke waar daar (sedimentêre gesteentes / massiewe stollingsgesteentes) met goed gedefinieerde nate is, gevind.

2.2.5 (Solifluksie / grondkruip) is 'n baie stadige beweging van waterversadigde grond. (5 x 1) (5)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 om vrae oor Föhnwinde te beantwoord.

2.3.1 In watter seisoen kom Föhn-winde in Europa voor? (1 x 1) (1)

2.3.2 Wat is die naam van die bergreeks wat Föhn-winde in Europa laat ontstaan. (1 x 1) (1)

2.3.3 Wat noem ons dieselfde wind in Suid-Afrika? (1 x 1) (1)

2.3.4 Waarom dink jy noem die ski-liefhebbers die Föhn-wind die 'sneeu-vreter'? (1 x 2) (2)

2.3.5 (a) Watter land, Duitsland of Italië, is aan die skadukant van die Alpe geleë? (1 x 2) (2)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord in VRAAG 2.3.5 (a). (1 x 2) (2)

2.3.6 Teken 'n eenvoudige, benoemde dwarssnit van die Föhn-wind in Europa om te verduidelik hoekom mens in Duitsland hoër temperature as in Italië sou verwag. (3 x 2) (6)

[15]

2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4 wat 'n sinoptiese weerkaart aantoon.

2.4.1 Identifiseer die isobariese patroon aangedui as **A – B**. (1 x 1) (1)

2.4.2 Identifiseer die fronte gemerk **C** en **D**. (2 x 1) (2)

2.4.3 Gebruik die weerstasiemodel en gee die weerstoestande by Beira. (6 x 1) (6)

- 2.4.4 (a) Stel die sinoptiese weerkaart tipiese somer- of wintertoestande oor Suid-Afrika voor? (1 x 2) (2)
- (b) Gee TWEE redes om jou antwoord op VRAAG 2.4.4 (a) te ondersteun. (2 x 2) (4)

[15]

2.5 Verwys na die gevallestudie in FIGUUR 2.5 oor verwoestyning in die Limpopo-rivierkom.

- 2.5.1 Definieer die term *verwoestyning*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Noem enige DRIE lande in Suider-Afrika wat geraak word deur verwoestyning in die Limpopo-rivierkom. (3 x 1) (3)
- 2.5.3 Haal TWEE redes uit die uittreksel in FIGUUR 2.5 vir die agteruitgang van grond in die Limpoporivierkom, aan. (2 x 1) (2)
- 2.5.4 Noem TWEE menslike aktiwiteite, uit die uittreksel in FIGUUR 2.5, wat verantwoordelik is vir die agteruitgang van grond. (2 x 1) (2)
- 2.5.5 Verduidelik hoe uitsonderlike hoë reënval tot verdere agteruitgang van die grond kan lei. (2 x 2) (4)
- 2.5.6 Bespreek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls volhoubare oplossings om grondagteruitgang en verwoestyning in die Limpopo-rivierkom te bestuur en te voorkom. (4 x 2) (8)

[20]

2.6 Verwys na FIGUUR 2.6 wat 'n tipiese Karoo-landskap aandui.

- 2.6.1 Waar in Suid-Afrika sal jy die landskap aantref? (1 x 1) (1)
- 2.6.2 Noem die onderliggende rotsstruktuur wat vir die ontwikkeling van die Karoo-landskap in FIGUUR 2.6 verantwoordelik is. (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Identifiseer landvorm **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 2.6.4 Watter landvorm, **A** of **B**, sal eers ontwikkel? (1 x 1) (1)
- 2.6.5 (a) Noem die proses wat verantwoordelik is dat die landform in 'n butte verander het. (1 x 2) (2)
- (b) Beskryf kortliks die proses wat landform B in 'n butte sal verander. (2 x 2) (4)
- 2.6.6 Bespreek hoe die Karoo-landskap deur mense benut kan word. (2 x 2) (4)

[15]

2.7 Verwys na FIGUUR 2.7 wat verskeie intrusiewe landvorme toon.

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.7.1 | Identifiseer die stollingsintrusies by A, B en C . | (3 x 1) | (3) |
| 2.7.2 | Waarom verwys ons na landvorme A, B en C as intrusiewe landvorme? | (1 x 1) | (1) |
| 2.7.3 | Watter EEN van die stollingsintrusies wat in VRAAG 2.7.1 geïdentifiseer is, sal 'n granietkoepel vorm? | (1 x 1) | (1) |
| 2.7.4 | Verduidelik hoe die intrusiewe landvorm geïdentifiseer in VRAAG 2.7.3 aan die aardoppervlakte blootgestel sal word. | (2 x 2) | (4) |
| 2.7.5 | (a) Noem die verweringsproses wat by granietkoepels plaasvind. | (1 x 2) | (2) |
| | (b) Gee 'n kort uiteensetting van die verweringsproses genoem in VRAAG 2.7.5 (a). | (2 x 2) | (4) |

[15]

2.8 Verwys na FIGUUR 2.8, 'n strokiesprent wat massa beweging illustreer.

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 2.8.1 | Definieer die term <i>massa beweging</i> . | (1 x 1) | (1) |
| 2.8.2 | Identifiseer die tipe massa beweging wat in FIGUUR 2.8 geïllustreer word. | (1 x 1) | (1) |
| 2.8.3 | Noem die hellingelement waarop die geïllustreerde massa beweging plaasgevind het. | (1 x 1) | (1) |
| 2.8.4 | (a) Sal jy die geïllustreerde massa-beweging beskryf as vinnig of stadig? | (1 x 1) | (1) |
| | (b) Verduidelik jou antwoord in VRAAG 2.8.4 (a) | (2 x 2) | (4) |
| 2.8.5 | Beskryf TWEE wyses waarop die massa beweging geïllustreer in FIGUUR 2.8 die mens sal beïnvloed. | (2 x 2) | (4) |
| 2.8.6 | Besprek in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls verskillende strategieë wat geïmplementeer kan word om die impak van dié massabeweging te verminder. | (4 x 2) | (8) |

[20]

GROOT TOTAAL: 225